



HOOFSTUK 3

RUITERS

Inhoud

3.1	LIDMAATSKAP EN LEDENOMMERS	4
3.2	RUITER LOGBOEKE	5
3.3	IDENTIFIKASIE, KLEREDRAG EN TOERISTNG VAN RUITERS	6
3.4	OUDERDOM, GEWIGSKATEGORIEË EN KLASSIFIKASIE VAN RUITERS	7
3.4.1	KINDERRUITERS	7
3.4.2	JUNIOR EN JONGRUITERS	9
3.4.3	SENIOR RUITERS	10
3.4.4	VETERAANRUITERS	11
3.4.5	KLASSIFIKASIE VAN RUITERS	11
3.4.6	INWEEG VAN RUITERS	12
3.5	BUITELANDSE RUITERS EN SUID AFRIKAANSE RUITERS WAT IN DIE BUITELAND WERK	13
3.6	DEELNAME VAN RSA RUITERS IN DIE BUITELAND	13

HOOFSTUK 3: RUITER

REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 3

Artikel	Onderwerp	Wysigings Datum
3.1.1.1	Jaarlike lidmaatskap	Jul 2010
3.1.1.3	Tydlike lidmaatskap – geskrap	Jul 2010
3.5.1.3	Geskrap	Jul 2010
3.5.1.4	Hernommer na 3.5.1.3	Jul 2010
3.5.2.3	Geskrap	Jul 2010
3.5.2.4	Hernommer na 3.5.2.3	Jul 2010
3.7	Gedragkode – verskuif na Hoofstuk 1	Jul 2010
3.1.1.2.1	Inskrywing van daglede	Sep 2010
3.3.1.4.1	Kleur van nommers	Sep 2010
3.3.1.4.3	Reflektiewe stroke op kinderruiters se beffies	Sep 2010
3.4.1.2	Inskrywing van kinders jonger as 10 jaar	Sep 2010
3.4.1.1.1	Kinderruiters	Nov 2010
3.4.2	Junior- en Jongruiters	Nov 2010
3.4.3	Senior ruiters	Nov 2010
3.4.4	Geskrap / Ingesluit by 3.4.3.1	Nov 2010
3.4.5	Hernommer na 3.4.4	Nov 2010
3.4.6	Hernommer na 3.4.5	Nov 2010
3.4.7	Hernommer na 3.4.6	Nov 2010
3.4.8	Hernommer na 3.4.7	Nov 2010
3.4.3.2.1	Gewigskategorieë – verskuif van 3.4.7.1	17 Apr 2011
3.4.3.2.2	Gewigskategorieë en spankeuring	17 Apr 2011
3.4.7.1	Gewigskategorieë – verskuif na 3.4.3.2.1	17 Apr 2011
3.4.7.2	Hernommer na 3.4.7.1	17 Apr 2011
3.4.7.3	Hernommer na 3.4.7.2	17 Apr 2011
3.4.7.4	Hernommer na 3.4.7.3	17 Apr 2011
3.4.7.5	Hernommer na 3.4.7.4	17 Apr 2011
3.4.7.6	Hernommer na 3.4.7.5	17 Apr 2011
3.4.7.7	Hernommer na 3.4.7.6	17 Apr 2011
3.1.2.1	Lidmaatskapadministrasie	6 Nov 2011
3.4.1.5	Ouderdom van ruiters wat kinderruiters vergesel	6 Nov 2011
3.4.1.11.2	Vertrektye van kinderruiters	6 Nov 2011
3.4.3.1.3	Spankeuring	6 Nov 2011
3.3.2.1	Netheid van ruiters	10 Mei 2013
3.4.2.3	Junior ruiters na senior gewigskategorie	4 Jul 2014
3.4.2.3	Junior ruiters na senior gewigskategorie – gewysig na slegs swaargewig	15 Jan 2016
3.3.7	Peitse	15 Jan 2017
3.3.7	Peitse – reël herroep	25 Mar 2017
3.4.1.3	Kinderruiter en senior	25 Jul 2018
3.4.1.6	Kinderruiter en senior	25 Jul 2018
3.4.1.8	Kinderruiter en senior	25 Jul 2018
3.4.3.2	Kategoriegewig – Lig en Standaardgewig	22 Okt 2018
3.3.5	Stiebeuels – Veiligheidshokkies/kappies	22 Okt 2018
3.4.7.3	Ry toerusting	22 Okt 2018
3.4.7.4	Minimum rygewig	22 Okt 2018
3.4.7.4	Minimum rygewig	28 Jan 2019
3.1.2.2	Lidmaatskapadministrasie	24 Feb 2019
3.1.2.4	Klub lidmaatskapadministrasie	24 Feb 2019
3.3.1	Ruiternommers: ingevoeg – vanaf registrasie, inweeg en tydens veearts ondersoek	24 Apr 2021
3.3.1.4	Ingevoeg: 'n Nommer uitgereik deur die rit organiseerder	24 Apr 2021
3.4.5	Geskrap	24 Apr 2021

3.4.6	Geskrap	24 Apr 2021
3.1.2.2	Laat registrasie van lede/ruiters	17 Feb 2022
3.2.1	Logboeke – gewysig	7 Nov 2022
3.2.2	Geskrap	7 Nov 2022
3.4	Gewysing om te lees Ouderdom, Ruitergewig en Klassifikasie van ruiters	7 Nov 2022
3.4.5	Klassifikasie van ruiters	7 Nov 2022
3.4.5.1	Nuwelingruiter	7 Nov 2022
3.4.5.2	Uithourit ruiter	7 Nov 2022
3.4.7	Hernommer na 3.4.6	7 Nov 2022
3.4.5.1	Nuwelingruiters – reël word vanaf 1 Junie 2023 toegepas	1 Apr 2023
3.4.5.1	Nuwelingruiters – reël word vanaf 1 Januarie 2024 toegepas	21 Okt 2023
3.4.1.11.2	Kinderruiters by kontrolepunt aan senior oorgee	24 Jun 2024
3.4.3.1.1	Sodra 'n ruiter kies om in die Junior of Seniorskategorie te ry, mag hy/sy NIE voortaan verander tot die jaar waarin hy/sy 21 word nie.	24 Jun 2024
3.4.1.9	Kinderruiters mag tydens 'n rit aan 'n ander senior oorgegee word, maar slegs na voltooiing van 'n been.	24 Jun 2024
3.4.3.1.2	Geskrap	24 Jun 2024
3.4.3.1.2.1	Hernommer na 3.4.3.1.1.1	24 Jun 2024
3.4.3.1.2.2	Hernommer na 3.4.3.1.1.2	24 Jun 2024
3.4.3.1.3	Geskrap	24 Jun 2024
3.4.3.1.3.1	Geskrap	24 Jun 2024
3.4.3.1.3.2	Geskrap	24 Jun 2024
3.4.3.1.3.2.1	Geskrap	24 Jun 2024
3.1.3.1.3.2.2	Geskrap	24 Jun 2024
3.4.3.2.1.1	Liggewig verander na minder as 70kg	8 Nov 2025
3.4.3.2.1.2	Standaardgewig verander na meer as 70kg	8 Nov 2025
3.1.1.2	DAGRUITERS – fooiwysiging	9 Feb 2026

31 LIDMAATSKAP EN LEDENOMMERS

3.1.1 Lidmaatskap.

Slegs ruiters wat lede van 'n klub van ERASA is, mag aan uithouritte deelneem. Lidmaatskap sluit die volgende in:

3.1.1.1 Jaarlikse lidmaatskap. (Sien ook die Grondwet.)

- 3.1.1.1.1 Lede kan by klubs van ERASA aansluit teen betaling van 'n jaarlikse ledegeld (soos deur die klub bepaal) sowel as die voorgeskrewe affiliasiefooi (soos deur die Raad van ERASA bepaal).
- 3.1.1.1.2 Lidmaatskap is vir een uithouritjaar geldig (sien Grondwet). Die name en besonderhede van lede wat gedurende die tydperk 1–31 Desember van enige jaar as ruiters aan uithouritte deelneem, maar nie vir daardie bepaalde uithouritjaar affilieer nie, sal uit die rituitslae verwyder word asof hulle nooit deelgeneem het nie.
- 3.1.1.1.3 Ruiters wat vir 'n jaar aansluit, mag aan alle ritte deelneem wat onder die beskerming van ERASA aangebied word, teen betaling van 'n inskrywingsfooi soos deur die ritkomitee bepaal en onderworpe aan die vereistes soos uiteengesit in die reëls en regulasies van ERASA.

3.1.1.2 Daglidmaatskap.

Nie-lede van ERASA mag aan klubritte deelneem deur 'n daglidmaatskapfooi te betaal, wat jaarliks deur die Raad bepaal word en op elke byeenkoms waarvoor ingeskryf word, van toepassing is.

- 3.1.1.2.1 Daglede mag slegs vir afstande tot en met 40 km inskryf, teen betaling van 'n inskrywingsfooi soos deur die ritkomitee bepaal en onderworpe aan die vereistes soos uiteengesit in die reëls en regulasies van ERASA.
- 3.1.1.2.2 Daar is geen beperking op die aantal ritte waarvoor 'n persoon as daglid mag inskryf nie.
- 3.1.1.2.3 Om onervare dagruiters te beskerm, kan die Ritmeester:
 - Die dagruiter aan 'n ervare senior ruiter koppel (soortgelyk aan 'n kinderruiter); of
 - Van 'n "pas-ruiter" gebruik maak. Hierdie "pas-ruiter" moet 'n ervare senior ruiter wees wat voor of saam met 'n groep dagruiters teen 'n konstante pas ry om te voorkom dat die dagruiters hul perde ooreis. Geen dagruiter mag toegelaat word om die "pas-ruiter" verby te steek nie.
 - Hierdie besluit berus by die Ritmeester wat by die rit aan diens is, en dit is nie verpligtend nie.

3.1.2 Bewys van lidmaatskap.

Geen bewys van lidmaatskap word deur ERASA uitgereik nie. Die name van opbetaalde lede verskyn in die sentrale lidmaatskapdatabasis wat op die ERASA-webwerf beskikbaar is.

3.1.2.1 Dit is die ritkomitee se verantwoordelikheid om nie vroeër as die Donderdagoggend voor die rit nie, 'n uitdruk van die lidmaatskapdatabasis te maak en seker te maak dat die name van alle ruiters wat vir die rit inskryf, in die databasis verskyn.

3.1.2.2 Die besonderhede van nuwe lede wat by 'n klub aansluit en by ERASA affilieer, sal so spoedig moontlik nadat die dokumentasie by die ERASA-kantoor ingedien is, by die lidmaatskapdatabasis gevoeg word. Om ritadministrasie te vereenvoudig, sal nuwe lede slegs **tot 14:00 op MAANDAG** by die databasis gevoeg word, sodat ritkomitees inskrywings teen die databasis kan verifieer (sien artikel 3.1.2.1 hierbo). 'n Lid kan as 'n volle lid aan ritte deelneem sodra sy/haar besonderhede in die lidmaatskapdatabasis verskyn. **Laat registrasie tot Dinsdag 17:00 voor die byeenkoms kan gedoen word, onderhewig aan 'n boete van R500 per registrasie.**

3.1.2.3 In gevalle waar die betrokke lid se naam nie in die databasis verskyn nie, en waar die lid bewys kan lewer dat die dokumentasie voor 14:00 op die Maandag voor die rit by die ERASA-kantoor ingedien is, sal die lid toegelaat word om aan die rit deel te neem. Indien die inligting wat deur die lid verskaf is later verkeerd blyk te wees, sal die lid geen erkenning vir die rit of vir die kilometers wat gery is, ontvang nie.

3.1.2.4 **'n Klub het die diskresie om 'n sluitingsdatum vir sy lede vas te stel om by die klub te registreer. Dit sal die klub in staat stel om alle dokumentasie af te handel voordat dit aan ERASA gestuur word.**

32 LOGBOEKE

3.2.1 Ruiters (met die uitsondering van dagruiters) mag vir hul eie rekords 'n ruiterlogboek byhou en kan 'n logboek by hul klub of die ERASA-kantoor bekom.

33 IDENTIFIKASIE, KLEREDRAG EN TOERUSTING VAN DIE RUITER

3.3.1 Ruiternommers.

Alle ruiters moet by alle ritte 'n ruiternommer dra, vanaf die registrasieproses, tydens inweeg en tydens veeartsondersoeke. Hierdie ruiternommer kan óf 'n nommer wees wat deur die ritkomitee uitgereik is, óf 'n permanente klubnommer, erenommer, provinsiale spannummer of nasionale spannummer.

3.3.1.1 Dit is uitsluitlik die ruiter se verantwoordelikheid om te verseker dat die ruiternommer te alle tye duidelik sigbaar is.

3.3.1.2 Nommers wat toegeken is aan ruiters wat erekleure verwerf het (een, twee of drie sterre; voorheen Springboknummer), bly hul eiendom. Hulle mag met hierdie nommers by alle voorritte ry totdat die erekleure om enige bepaalde rede van hulle onttrek word.

3.3.1.3 Lede van nasionale en provinsiale spanne mag spesiale nasionale of provinsiale spannommers tydens kompetisies dra indien die organiseerders van die kompetisie dit toelaat. Indien dit nie toegelaat word nie, sal spanlede aan hul spandrag uitgeken word.

3.3.1.4 Die ERASA-kantoor sal met hul eerste affiliasie by ERASA 'n permanente ruiternommer aan alle lede toeken, en ruiters moet met hierdie nommer ry by alle ritte wat onder die beskerming van ERASA aangebied word (ruiters wat hul nommers by die huis vergeet, sal toegelaat word om met 'n nommer te ry wat deur die ritorganiseerder uitgereik is; sien hieronder).

3.3.1.4.1 Ruiters moet hul eie nommers laat maak (swart nommers teen 'n geel, neongeel of neongroen agtergrond).

- Nommers moet minstens 100 mm hoog wees, en die swart lyne waaruit die nommer bestaan, moet minstens 15 mm breed wees.
- Die geel/neongeel/neongroen blok waarop die nommers vertoon word, moet minstens 300 mm breed en 200 mm hoog (vir volwassenes), of 200 mm breed en 150 mm hoog (vir kinders) wees. Nommers moet aan die voor- sowel as agterkant van die hemp vertoon word.

3.3.1.4.2 Die swart en geel/groen nommers kan permanent aan 'n beffie, gholfhemp of baadjie vasgewerk word. Die kleur van die beffie, hemp of baadjie word bepaal deur die provinsie waarby die ruiter se klub geaffilieer is.

3.3.1.4.3 Vir kinderruiters moet 'n rooi of oranje reflektiewe strook van 50 mm breed en minstens 15 mm lank, bo sowel en onder die nommer op die beffie aangebring word, sodat hulle duidelik as kinderruiters geïdentifiseer kan word.

3.3.1.5 Ritkomitees moet verseker dat hulle genoeg bykomende ruiterbeffies beskikbaar het vir dagruiters en ruiters wat hul permanente nommers by die huis vergeet het.

3.3.2 Netheid van ruiters

3.3.2.1 Ruiters moet te alle tye netjies en gepas geklee wees. Hul kleredrag mag nie afbreuk doen aan die beeld van uithouritte as sport nie, en ruiters moet altyd 'n netjiese en sportiewe beeld uitdra. Dit word aanbeveel dat ruiters gepaste rydrag dra (hemde moet 'n kraag hê). Ruiters mag nie kortbroeke dra terwyl hulle ry nie.

3.3.2.2 Ruiters word aangemoedig om klub-,provinsiale, nasionale of erekleure tydens prysuitdelings te dra.

3.3.2.3 Die gebruik van loshangende oorbelle of ander juweliersware wat moontlik aan toerusting of plantegroei op die roete kan vashaak, word ontmoedig.

3.3.3 Harde hoed. Dit is verpligtend vir alle ruiters om tydens alle ritte 'n harde hoed te dra. 'n Harde hoed moet altyd gedra word wanneer die ruiter by die ritterrein berede is (ook wanneer perde geoefen of opgewarm word). Dit geld ook vir alle ander persone

(insluitend kinders van alle ouderdomme) wat by die ritterrein te perd gelei word. Harde hoedens moet behoorlik vasgemaak wees wanneer dit gedra word.

3.3.3.1 Hierdie harde hoed moet beproefde hoëspoed-sportveiligheidshoede wees.

3.3.3.2 Dit word sterk aanbeveel dat ruiters harde hoede aankoop wat spesifiek vir perdesport ontwerp is en wat aan óf die Europese standaard (EN1384), die Britse standaard (PAS 015), óf die Amerikaanse standaard (ASTM F1163 of ASTM/SEI-gesertifiseer) voldoen.

3.3.4 Tydens alle ritte wat snags plaasvind, moet ruiters reflektiewe stroke van minstens 15 mm breed en 100 mm lank aan die voor- en agterkant van die harde hoed, aan die agterkant van die saal en aan die agterkant van die stiebeuels aanbring.

3.3.5 **Alle stiebeuels MOET met 'n veiligheidshokkie/kappie aan die voorkant toegerus wees.**

3.3.6 Spore, swepe (met die uitsondering van lonseerswepe wat gebruik word wanneer die perd by die ritterrein gelonseer word) en sambokke word nie by uithouritte toegelaat nie.

3.3.7 Die gebruik van peitse word by alle ritte onder ERASA-reëls toegelaat, mits die peits aan die volgende vereistes voldoen:

- Maksimum lengte 75 cm
- Die peits moet eindig in 'n dubbele leerflap van minstens 1,5 cm breed en 7,5 cm lank.

Oormatige gebruik van peitse (na die oordeel van die Ritmeester) sal tot dissiplinêre stappe lei.

34 OUDERDOM, GEWIGSKATEGORIEË EN KLASSIFIKASIE VAN RUITERS

3.4.1 Kinderruiters

3.4.1.1 Ruiters neem as kinderruiters aan uithouritte deel vanaf die begin van die jaar waarin hulle tien (10) jaar oud word tot aan die einde van die jaar waarin hulle dertien (13) jaar oud word. Geen gewigsbeperkings is op hierdie kategorie van toepassing nie (d.w.s. daar is geen voorgeskrewe minimum gewig vir ruiters wat in hierdie kategorie deelneem nie).

3.4.1.2 Ruiters jonger as tien (10) jaar mag aan klubritte van die Vereniging deelneem, maar word as dagruiters beskou en mag slegs vir afstande tot en met 40 km inskryf. Alle reëls wat op kinderruiters van toepassing is, geld ook vir ruiters jonger as tien (10) jaar.

3.4.1.3 Kinderruiters mag slegs aan 'n uithourit deelneem indien 'n senior ruiter verantwoordelikheid vir hulle aanvaar. Dit is die verantwoordelikheid van die kinderruiter se ouers of voog om te reël dat 'n geskikte senior ruiter die kind vergesel. **Die senior ruiter moet die kind te alle tye op die baan vergesel.**

3.4.1.4 Seniors wat kinders vergesel, moet:

3.4.1.4.1 'n Lid van 'n uithouritklub wees.

3.4.1.4.2 As ruiters aan die betrokke rit deelneem.

- 3.4.1.5 Enige ruiter wat vir die seniorkategorie ingeskryf is, mag kinderruiters vergesel. Ruiters wat vir die junior/jongruiterkategorie ingeskryf is, mag kinderruiters vergesel vanaf die eerste dag van die jaar waarin die ruiter agtien (18) word.
- 3.4.1.6 Die senior moet bereid wees om vir die volle lengte van die baan by die kind te bly. Sodra 'n senior verantwoordelikheid vir die kind(ers) aanvaar het, moet hy/sy vir die volle lengte van die baan by die kind(ers) bly, ongeag of dit 'n een- of meerdaagse rit is.
- 3.4.1.7 'n Senior mag maksimum drie (3) kinders by klub- en provinsiale ritte, en twee (2) by 'n nasionale rit, vergesel.
- 3.4.1.8 Beide die senior en die kind(ers) sal gediskwalifiseer word indien hulle op enige stadium op die baan van mekaar geskei word. Die senior en die kind(ers) onder sy/haar toesig moet te alle tye binne hoorafstand van mekaar wees terwyl hulle op die baan is (die senior moet te alle tye sonder enige hulpmiddels met die kind(ers) kan kommunikeer).
- 3.4.1.9 'n Kind mag tydens 'n rit aan 'n ander senior oorgegee word, maar slegs nadat 'n been voltooi is.
- 3.4.1.10 Indien 'n senior van mening is dat 'n kinderruiter hom/haar op die baan wangedra, of indien die kind nie die senior se instruksies nakom nie, kan die senior (ná oorleg met die Ritmeester) versoek dat die kind gediskwalifiseer word, waarna die senior toegelaat sal word om met die rit voort te gaan.
- 3.4.1.11 Die volgende geld wanneer óf die senior óf die kinderruiter nie met die rit kan voortgaan nie:

3.4.1.11.1

Op die roete:

- Indien die senior nie kan voortgaan nie, is dit sy/haar verantwoordelikheid om die kind(ers) oor te gee aan 'n ander geskikte en verantwoordelike senior wat bereide is en aan die rit deelneem, en wat die kind na die volgende kontrolepunt sal vergesel. Ná voltooiing van 'n been, kan die kind se ouer of voog die kind aan 'n ander senior (van die ouer of voog se keuse) oorhandig. Tyd wat die kind verloor, sal nie gekompenseer word nie. Die oorspronklike senior (wat die kind aan 'n ander senior oorgegee het) mag nie met die rit voortgaan nie.
- Indien die kind nie kan voortgaan nie, moet die senior by die kind bly totdat die kind in die sorg van 'n verantwoordelike volwassene wat nie deelneem nie (d.w.s. 'n ouer, voog of baanbeampte) geplaas kan word. Hierdie persoon moet reël dat die kind na die vorige of volgende kontrolepunt vergesel word (watter een ook al die naaste is), en aan die tydhouders en veteriniêre paneel rapporteer dat die kind nie kan voortgaan nie. Tyd wat die senior ruiter verloor, sal nie gekompenseer word nie. Die betrokke kind mag nie met die rit voortgaan nie.

By 'n kontrolepunt:

- Indien die senior nie kan voortgaan nie (of, in die geval van 'n rit onder trapleerreëls, besluit om die trapleer te staak nadat sy/haar perd deur die veteriniêre paneel ondersoek en geskik bevind is om voort te gaan), kan die ouers of voog 'n ander ervare senior nader om die kind te vergesel. Die kind se oorspronklike vertrektyd sal steeds in so 'n geval geld, en tyd wat verlore gaan terwyl die kind vir 'n ander senior wag (hetsy omdat 'n senior nie onmiddellik beskikbaar was nie, of omdat die betrokke senior se vertrektyd later as dié van die kind is), sal gekompenseer word.
- 'n Kinderruiter sal toegelaat word om saam met 'n senior te vertrek wie se vertrektyd vroeër as dié van die kind is, maar slegs indien:
- By ritte onder "verpligte houtyd"-reëls minstens dertig (30) minute verloop het sedert die kinderruiter by die kontrolepunt aangekom het (d.w.s. die perd moes minstens dertig (30) minute gerus het). Hierdie dertig (30) minute sluit die veteriniêre ondersoek in (waar die kind se perd geskik bevind is om voort te gaan).
- By ritte onder die "hekstelsel"-reëls, die kind se perd reeds deur die veteriniêre paneel geskik bevind is om voort te gaan, en minstens dertig (30) minute verloop het nadat die perd deur die veteriniêre paneel ondersoek is.

Die kinderruiter se vertrektyd sal in die tydhoutstelsel verander word om dieselfde te wees as die vertrektyd van die senior ruiter saam met wie die kinderruiter nou sal vertrek, en die kinderruiter se rytyd sal met die nuwe vertrektyd as beginpunt bereken word.

- Indien die kinderruiter nie kan voortgaan nie (of, in die geval van 'n rit onder trapleerreëls, besluit om die trapleer te staak nadat sy/haar perd deur die veteriniêre paneel ondersoek en geskik bevind is om voort te gaan), mag die senior op die aangeduide vertrektyd voortgaan, mits die kind in die sorg van die ouers, voog of 'n ander verantwoordelike volwassene gelaat is.

Kinderruiters mag vir ritte langer as tagtig (80) kilometer inskryf, met dien verstande dat die maksimum afstand waarvoor ingeskryf word, nie die volgende oorskryf nie:

- 120 km in een dag.
- 160 km oor twee opeenvolgende dae.
- 210 km oor drie opeenvolgende dae.

Deelname deur kinderspanne, hetsy op klub-, provinsiale, nasionale of internasionale vlak, word nie toegelaat nie.

3.4.2 Junior- en Jongruiters

- 3.4.2.1 Ruiters neem aan hierdie kategorie deel vanaf die begin van die jaar waarin hulle veertien (14) jaar oud word, en kan tot aan die einde van die jaar waarin hulle een-en-twintig (21) jaar oud word, in hierdie kategorie bly deelneem. Geen gewigsbeperkings is op hierdie kategorie van toepassing nie (d.w.s. daar is geen voorgeskrewe minimum gewig vir ruiters wat in hierdie kategorie deelneem nie.)

3.4.2.1.1 Wanneer junior-/jongruiter-spanne gekies word, sal slegs prestasies in die junior-/jongruiterkategorie in aanmerking geneem word, en ritte waaraan ruiters as kinderruiters deelgeneem het, sal nie in aanmerking geneem word nie. Sien ook artikel 3.4.3.1.3.

3.4.2.2 Junior-/Jongruiters mag op alle vlakke in spanverband deelneem (sien Hoofstuk 5).

3.4.2.3 Junior-/Jongruiters mag vanaf die ouderdom van sestien (16) as 'n senior in die swaargewigkategorie deelneem, mits hulle aan die minimum gewig soos voorgeskryf in 3.4.3.2.1 voldoen.

Toestemming om in hierdie kategorie te ry, moet van die Algemene Bestuurder van ERASA verkry word.

3.4.3 Senior ruiters

3.4.3.1 'n Persoon kan vanaf die begin van die jaar waarin hy/sy agtien (18) jaar oud word, aan hierdie kategorie deelneem en moet vanaf die begin van die jaar waarin hy/sy een-en-twintig (21) jaar oud word, in hierdie kategorie deelneem.

3.4.3.1.1 In die jaar waarin die ruiter 18 (agtien) word, mag die ruiter kies om as 'n Junior-/Jongruiter of as 'n Senior te ry.

3.4.3.1.2 Hierdie keuse is vas, en indien 'n junior-/jongruiter sy/haar eerste rit as 'n senior ry, mag hy/sy voortaan nie as 'n junior-/jongruiter deelneem nie.

3.4.3.1.2.1 Ruiters moet in ag neem dat hulle op grond van hul jongste deelnemingskategorie, op die ranklys sal verskyn.

3.4.3.2 Vir ritte van tagtig (80) kilometer en langer word senior ruiters in gewigskategorieë verdeel.

3.4.3.2.1 Senior ruiters word soos volg in gewigskategorieë verdeel:

3.4.3.2.1.1 Liggewig: Minder as 70 kg.

3.4.3.2.1.2 Standaardgewig: 70 kg tot minder as 95 kg.

3.4.3.2.1.3 Swaargewig: 95 kg en meer.

3.4.3.2.2 Wanneer spanne gekies word, geld die volgende vir ruiters wat gedurende die tydperk wat op spankeuring van toepassing is, in verskillende gewigskategorieë binne die seniorkategorie deelgeneem het:

3.4.3.2.2.1 Ruiters wat slegs in die senior liggewigkategorie (insluitend die FEI-"Geen Gewig"-kategorie) aan uithouritte deelgeneem het, sal slegs vir senior liggewigspanne in aanmerking geneem word.

- 3.4.3.2.2.2 Ruiters wat in die senior liggewigkategorie (insluitend die FEI-“Geen Gewig”-kategorie), asook in die senior standaardgewigkategorie, aan uithouritte deelgeneem het, sal vir beide senior liggewig- en senior standaardgewigspanne, asook vir gekombineerde senior standaard- en swaargewigspanne, in aanmerking geneem word.
- 3.4.3.2.2.3 Ruiters wat in die senior standaardgewigkategorie, asook in die senior swaargewigkategorie, aan uithouritte deelgeneem het, sal vir beide senior standaardgewig- en senior swaargewigspanne, asook vir gekombineerde senior standaard- en swaargewigspanne, in aanmerking geneem word.
- 3.4.3.2.2.4 Ruiters wat slegs in die senior swaargewigkategorie aan uithouritte deelgeneem het, sal vir senior swaargewigspanne in aanmerking geneem word.

3.4.3.3 Senior ruiters mag op alle vlakke in spanverband deelneem. Indien omstandighede dit toelaat, kan organiseerders ook spankompetisies binne gewigskategorieë aanbied (sien Hoofstuk 5).

3.4.4 Veteraanruiters

- 3.4.4.1 Ruiters word vanaf die begin van die uithouritjaar waarin hulle vyftig (50) jaar oud word, as veteraanruiters beskou. Deelname as veteraanruiters is slegs moontlik indien hierdie kategorie deur die ritkomitee beskikbaar gestel word.
- 3.4.4.2 Veteraanruiters mag op alle vlakke in spanverband deelneem, en ’n ritkomitee staan vry om sodanige kompetisies by ’n rit aan te bied.

3.4.5 Klassifikasie van ruiters

3.4.5.1 Nuwelingruiter

’n Beginnerruiter moet 2 x 40 km en daarna 2 x 80 km (trapleer) voltooi.

- ’n Spoedbeperking van 16 km/h sal geld.
- Geen senior word vereis nie, tensy dit ’n kinderruiter is.
- Geen rustydperk vir die Beginnerruiter nie.

3.4.5.2 Uithouritruiter

Sodra die ruiter die beginnerfase voltooi het, sal die ruiter as ’n uithouritruiter geklassifiseer en as sodanig op die ERASA-databasis aangedui word.

- Ruiters mag slegs aan ’n 120 km-byeenkoms deelneem nadat hulle ’n kompeterende 80 km-rit suksesvol voltooi het.
- Ruiters mag slegs aan ’n 160 km-byeenkoms deelneem nadat hulle ’n 120 km-rit suksesvol voltooi het.

3.4.6 Inweeg van ruiters

- 3.4.6.1 Ruiters mag ekstra gewigte dra om ten einde vir 'n volgende (hoër) gewigskategorie te kwalifiseer. Hierdie gewigte kan in 'n gewigsak of op enige ander wyse gedra word wat deur die inweegbeamppte goedgekeur is.
- 3.4.6.2 Ruiters word soos volg ingeweeg:
- 3.4.6.2.1 In kleredrag soortgelyk aan dié waarin hulle sal ry.
 - 3.4.6.2.2 Met die saal, saalkleedjie en ander toerusting wat op die perd se saal gedra word.
 - 3.4.6.2.3 Sonder die toom of enige ander beskermende toerusting wat aan die perd se bene gedra word. (soos “brushing boots” of “tendon boots”)
- 3.4.6.3 Ruiters MOET te alle tye met al die toerusting ry waarmee hulle ingeweeg het, en sal gediskwalifiseer word indien enige van die toerusting nie gedra word nie. Indien enige van die toerusting om watter rede ook al verander moet word, MOET die Ritmeester(s) wat by die rit teenwoordig is, daarvan in kennis gestel word en die ruiter moet weer inweeg. Die ruiter moet in dieselfde gewigskategorie bly as waarvoor ingeskryf is. Indien die ruiter twee verskillende sale het wat hy/sy moontlik mag gebruik, moet die ruiter met albei sale inweeg en die ligste saalgewig sal gebruik word.
- 3.4.6.4 Die ruiter moet te alle tye meer weeg as die minimum rygewig van die bepaalde gewigskategorie waarvoor hy/sy ingeskryf het, by gebreke waarvan hy/sy gediskwalifiseer sal word. Die ruiter is verplig om onmiddellik op enige tydstip gedurende die byeenkoms in te weeg indien 'n ERASA-beamppte dit versoek.
- 3.4.6.5 Alle ruiters (senior, junior en kind) wat vir afstande van 80 km of langer inskryf (met die uitsondering van trapleerruiters), moet inweeg (dit word vereis om die bes voorbereide perd te bepaal en vir toekomstige spankeuring). Ruiters wat vir afstande korter as 80 km inskryf en ruiters wat onder die trapleerstelsel inskryf, word nie in gewigskategorieë verdeel nie en weeg nie in nie.
- 3.4.6.6 Die inweegbeamppte kan enige ruiter op enige stadium gedurende die rit weeg om seker te maak dat die ruiter steeds aan die vereistes van die kategorie waarvoor hy/sy ingeskryf is, voldoen. Ruiters wat nie aan die vereistes voldoen nie (met inagneming van artikel 3.4.7.4), sal gediskwalifiseer word.

3.5 BUITELANDSE RUITERS EN SUID-AFRIKAANSE RUITERS WAT IN DIE BUITELAND WERK

3.5.1 Buitelandse ruiters. Buitelandse ruiters mag aan ritte deelneem wat onder die reëls van ERASA aangebied word.

3.5.1.1 Buitelandse ruiters moet:

3.5.1.1.1 'n Toestemmingsbrief van die nasionale federasie van hul land van herkoms indien.

3.5.1.1.2 Voor deelname by die Algemene Bestuurder van ERASA aansoek doen om toestemming om aan ERASA-ritte deel te neem. Geen fooi is betaalbaar nie.

3.5.1.1.3 Die Algemene Bestuurder moet skriftelike toestemming uitreik wat die buitelandse ruiters magtig om aan alle ritte deel te neem wat gedurende hul verblyf in Suid-Afrika plaasvind.

3.5.1.1.4 Buitelandse ruiters hoef nie te kwalifiseer om aan die Fauresmith 200 deel te neem nie, behalwe indien hulle gedurende die kwalifiseringstydperk vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as ses maande in Suid-Afrika gewoon het. Die perd waarmee hy/sy inskryf, moet gekwalifiseer wees.

3.5.2 Suid-Afrikaanse burgers wat voltyds in die buiteland werk:

3.5.2.1 Suid-Afrikaanse burgers wat voltyds in die buiteland werk, kan steeds by ERASA affilieer.

3.5.2.2 Indien hulle by die nasionale federasie van die land waarin hulle werk geaffilieer is, is artikel 3.5.1.1 hierbo van toepassing.

3.5.2.3 Hierdie persone hoef nie vir die Fauresmith 200 te kwalifiseer nie. Vir hierdie doel word "voltyds" omskryf as 'n persoon wat gedurende die kwalifiseringstydperk vir die Fauresmith 200 vir 'n tydperk van minstens ses maande in 'n vreemde land werksaam was. Die perd waarmee hy/sy inskryf, moet gekwalifiseer wees.

3.6 DEELNAME DEUR SA-RUITERS IN DIE BUITELAND

3.6.1 Lede van ERASA wat aan uithouritte wil deelneem wat onder die reëls van die Fédération Equestre Internationale (FEI) aangebied word, moet as ruiters by die FEI affilieer en voor deelname 'n toestemmingsbrief sowel as 'n internasionale ruiterslisensie bekom (al hierdie aangeleenthede word deur die ERASA-kantoor geadministreer). Ruiters moet deur die ERASA-kantoor en SANEF vir ritte in die buiteland inskryf.

3.6.2 Lede van ERASA wat in die buiteland aan ander uithouritte (nie onder die reëls van die FEI nie) wil deelneem, moet voor deelname 'n toestemmingsbrief bekom (deur die ERASA-kantoor)

